PERSPEKTIEWE OOR PREDIKANTE UIT RETRAITES

Michiel van der Merwe

Ek skryf nie oor die pastorale kant nie

By die meeste van die predikante-retraites wat ek gehou het, het 'n pastorale pastor met elke retraiter 'n kort pastorale gesprek gevoer. Van hulle, soos dr George Roux van Somerset-Wes, doen ernstig navorsing oor die pastorale kant van die predikantsbediening. Een van sy publikasies is by Buvton, Stellenbosch, beskikbaar onder die titel, *Balans*.

Hulle is ernstig oor hulle verhouding met die Here

Uit die evaluasievorms blyk dit dat die stilte-ervaring die deel van 'n retraite is wat die meeste waardering ontlok. Predikante het 'n geweldige behoefte daaraan. Dit het 'n negatiewe en positiewe kant. Die negatiewe sy is dat hulle nie in die pastorielewe genoeg geleentheid het om voor die Here stil te wees nie, met slegte gevolge. Dit is, byvoorbeeld, sleg om te hoor as 'n dominee sê dat die retraite hom/haar gehelp het om God weer te "ontdek". Dit is 'n aanklag teen die bedieningsmodel wat hulle volg sowel as die eise en aansprake op hulle tyd. Die positiewe is egter dat hulle 'n ernstige begeerte het om vir langer tye met die Here te verkeer en graag tyd wil bestee om hulle verhouding met Hom te verinnig en te verdiep asook om met Hom oor hulle bediening te praat.

Die groep dek alle spiritualiteitstyle

Daar is gelukkig nie 'n tipiese predikantsprofiel sover dit spiritualiteitstyle betref nie. Soos met al die ander gawes aan sy kerk het die Here gesorg vir die volle spektrum van spiritualiteitstyle onder die predikante.

Dit geld vir altwee die modelle wat ons by retraites gebruik, die sestien-styl model van Myers-Briggs (die sg MBTI), sowel as die eenvoudiger vier-styl model van Corinne Ware (*Discover your Spiritual Type*, Alban 1995). Die Ware-model is getoets met alle predikante wat die inleidende retraite, *In groot Geselskap*, bygewoon het. Die MBTI is net getoets by diegene wat by die spesifieke MBTI-retraite was.

Ten opsigte van die Ware-model is insiggewende tendense gesien. As die groep uit hoofsaaklik ouer dominees bestaan, is die voorkeur duidelik vir 'n verstand-spiritualiteit. As die groep jonger is, is die hart-styl die oorweldigende voorkeur. Dit strook met 'n ander waarneming dat daar by lidmate van veral die NG Kerk 'n duidelik skuif is weg van die verstandstyl na die hartstyl as die dominante spiritualiteit.

As die groep uit hoofsaaklik ouer dominees bestaan, is die voorkeur duidelik vir 'n verstand-spiritualiteit. As die groep jonger is, is die hart-styl die oorweldigende voorkeur.

Wat verrassend, en uit 'n retraite-leier se perspektief, verblydend is, is dat daar ook 'n groter wordende voorkeur vir die misteriestyl is (met baie stilte en simboliek). Trouens, die afgelope paar jaar

gebeur dit gereeld dat die misteriestyl-lesing net so hoog soos die hartstyl-lesing is, met albei hoër as die verstandstyl-lesing.

Hulle maak oop vir mekaar

Predikante is in die algemeen maar skugter of dalk lugtig om met vrymoedigheid iets persoonlik met ander te deel ("Sharing" soos dit op Engels lui.). Vir introverte is dit natuurlik nog moeiliker as vir ander. As jy dominees vra om dit te doen, is hulle geneig om eerder oor die Skrifgedeelte te praat waaroor nagedink is in die stiltesessie as oor hulle self. Deurentyd het ek hulle aangemoedig om minder vir mekaar te preek en meer oor hulle self te deel. En met verloop van tyd het die vrymoedigheid gegroei soos die veilige retraite-opset en vertroue in mekaar gegroei het.

Hulle is oop vir vernuwing

My uitgangspunt was nog altyd om retraiters uit te daag om uit hulle gemaksones te tree omdat dit noodsaaklik is vir geestelike groei. By 'n retraite gaan dit veral oor bepaalde geloofsgewoontes soos stilte en koinonia waarmee mense gehelp moet word. Almal het 'n gemaksone wat dit betref. Sommige is gemaklik met langer stiltes, ander nie. Sommige is gemaklik met die deelkant van koinoinia, terwyl ander dit sover moontlik sou wou vermy. By 'n retraite is almal uitgedaag om uit hulle gemaksones te groei, hetsy na die stilte kant toe, hetsy na die koinonia kant toe.

Die groot gemaksone waarin gereformeerde mense maklik vasgevang raak, byna soos in 'n tronk, is intellektualisme.

Die groot gemaksone waarin gereformeerde mense maklik vasgevang raak, byna soos in 'n tronk, is intellektualisme. Die meeste van ons is gemaklik met 'n opset waar dit gaan om intellektuele stimulering, of soos ons dit graag stel, waar jy met 'n boodskap huistoe gaan. Met geloofsbelewing- of ervaring was ons nie altyd so gemaklik nie. Met die retraite-bediening wou ek mense help verstaan dat daar ander aksente aan ons geloofsbelewing is as bloot intellektuele verstaan. Hiervoor is tyd vir stilte saam met die Here, veral met die Luistergebed as hulpmiddel, gebruik. Die stiltesessies is aangevul deur liturgie en simboliek. Behalwe die bekende simbole soos brood en wyn en die kruis is kerse en later ook olie gereeld gebruik.

En die dominees het met waardering daaraan meegedoen, op enkele uitsonderings na. Ons het by een retraite in die Oos-Kaap onlangs 'n klein opstootjie deur 'n paar broeders gehad oor 'n verbintenis-liturgie waar ek olie as simbool gebruik het na aanleiding van Saul se salwing. Maar die konteks verklaar hierdie voorval. Daar was, of is nog steeds, 'n gevoeligheid oor simboliek in die Oos-Kaap na aanleiding van sekere predikante se verdagmakery.

Maar, daar is een groot teleurstelling

My groot teleurstelling na 'n retraite-bediening van 16 jaar is dat so min van die honderde dominees wat retraites bygewoon het self 'n retraite-bediening vir lidmate begin het. Op enkele uitsonderings na het hulle die retraite-ervaring baie positief geëvalueer maar dit skynbaar nie nodig geag om die waarde wat dit vir hulle self gehad het ook aan hulle lidmate deur te gee nie. Selfs onder diegene wat jaarliks vir 'n retraite terugkom, is dit net enkeles in wie se gemeentes 'n retraite-bediening is. Trouens, daar is meer vroue, predikantsvroue en ander gemeentevroue, wat met 'n retraite-bediening besig is as dominees.

My bede is dat dit in die toekoms sal verander.